St Paulus Preprimêre en Primêre Skool
NUUSBRIEF

Mev M. Gorst-Allman

www.saschools.co.za/stpaulus | Nr. 13 | (012) 804-9670 (012) 804-5039 | 7 Mei 2010

Beste Ouers

DRIE-JAAR PLAN

Ons personeel en die Skoolraad is besig met besprekings om ons behoeftes te prioritiseer, en om 'n lysie van "nice-to-have's" op te stel vir ons kinders se welsyn en die optimale ontwikkeling van ons kampus. Ons het gedurende 'n reeks vergaderings ons prioriteite gelys en verwelkom ouers se insette. Ons lys is redelik omvattend, maar om u kreatiewe en praktiese denke aan die gang te kry, sluit ek van ons voorstelle onder spesifieke kategorieë in:

SPORT – nuwe oppervlak vir tennisbane, opknapping van die sport verklee- en badkamers.

ALGEMENE KAMPUS – sleutelbord toegang vir ouers na die Ysterhoutstraat ingang en gebruik van die Voorskoolse parkeerarea in die middae om parkeer-"pyne" te verlig.
Die uitbreiding van sommige van ons bestaande klaskamers, spesifiek twee van die Graad Drie klaskamers.
Die ontwikkeling van die area buite Juffrou Stacey en Juffrou Anri se klasse, die Nasorg Sentrum en die spasie tussen hierdie areas en die swembad.

LEERPLAN
Insluiting van die aanbied van Studiemetodes in die Intersenfase.
Om alle klaskamers gedurende die volgende vier jaar met inter-aktiewe borde toe te rus. [Die Graad Eens se borde word huidiglik opgesit en die Graad Sewes, Sesse en Graad Vyf S kry hulle data-projektors hierdie kwartaal.)

Die OOV gaan ook aktief betrokke wees deur hulle voorstelle en aanbevelings te gee. As u enige voorstelle het, of as daar iemand is wat u graag wil hê moet betrokke wees in 'n Taakspan, laat my asseblief weet.

ST PIFA [ons eie "Fifa-tipe"] TOERNOOI

Ons pret Sporttoernooi wat Netbal en Sokker sal insluit, word vir Saterdag, 5 Junie beplan. Diegene wat verlede jaar betrokke was sal onthou dat die klem in hierdie Toernooi val op pret, fiksheid, betrokkenheid en fondsinsameling vir ons skool, en om soveel as moontlik pret te hê. Dit is 'n verpligte Saterdag op ons skoolkalender, en 'n "Familiedag". Beide die sokker- en netbalspanne is "Sewe-aan-'n-Kant", so ons hoop dat al ons kinders spanne sal volmaak en aan hierdie toernooi sal deelneem. Volwasse spanne is ook welkom! Onthou om u span 'n naam te gee, u uitrustings te ontwerp, en u rasieleiers aan die oefen te kry! Die Toernooi Inskrywingsvorm word saam met die Nuusbrief gestuur. Die Sportdepartement hanteer alle inskrywings. Hulle moet die naam van u span en kontakbesonderhede van die spankaptein hê, en sal ook alle betalings ontvang. Kom ons maak dit 'n uithaler fondsinsameling. Die OOV sal hierdie geleentheid ook gebruik as 'n fondsinsameling deur verversings deur die loop van die dag te verkoop.

"FRENZIED FOOTBALL" VRYDAE

Met net 37 dae oor tot die afskop, en net vyf Vrydae oor tot die Wêreldbeker begin, sal ons ons "Bafana Vrydae" elke Vrydag tot die einde van die kwartaal hê. Kinders en volwassene moet hulle Bafana hemde en aandenkings dra, met jeans en tekkies. R5 per Vrydag moet aan die klasonderwyseres betaal word. Die opbrengste gaan na die Graad Sewes se "Loodglas Venster Fonds".

WINTER UNIFORM

Die temperatuur het gedaal, en kinders moet teen Maandag, 10 Mei, na hulle Winter uniforms oorslaan. Maak asseblief seker dat kinders die korrekte uniform dra:
Graad R – Graad Drie
Volle skoolsweetpak. Maak asseblief seker dat die sweetpakbroek die korrekte een is wat deur "The Shop" verskaf word. Die blou golfhempie met swart kraag word onder die sweetpak aangetrek, met grys sokkies en swart skoolskoene. (Meisies mag wit sokkies aantrek, maar die lang grys sokkies is warmer. Graad R mag tekkies dra.)

"The Shop" kan u raad gee oor ander warm klere wat gedra mag word.
Graad Vier – Sewe
Meisies mag die blou romp of lang grys broek dra. Lang grys sokkies met swart-en-wit strepies, of grys broekiekouse. Moet asseblief nie kinders met ander kleure broekiekouse stuur nie. Seuns moet lang grys broeke dra.
Seuns en meisies moet wit, lang- of kortmouhemde dra. Dasse moet deur seuns en meisies gedra word.
Baadjies is verpligtend vir alle kinders van Graad Vyf – Sewe, maar dit is vrywillig vir Graad Viers. Blou truie moet ook gedra word. Moulose- en langmoutruie sowel as Dri-Macs is ook beskikbaar.
Dri-Macs wat skool toe aangetrek word moet dié wees wat by "The Shop" verkoop word.

SPORT UNIFORM

Kinders wat die skool verteenwoordig moet die skooluniform aanhê. Dit sluit baadjies en sweetpaktops in, spesifiek vir wedstyde op Saterdae.
Ondersteun ons asseblief om te verseker dat ons uniform met trots gedra word.

GELUKWENSE

Chanel Maas en Catherine Uys het beide groot studiebeurse na St Mary's DSG gekry. Ons is baie trots op hulle!
Die volgende seuns en meisies het na die volgende rondte van die Gauteng-Noord hokkieproewe deurgedring:
O/13 Seuns
Christian Hitchcock
Grant Grobbelaar
Keagan Richardson
Calvin Nasimento
Selwyn Steyn
O/13 Meisies
Ingrid Benn
Nkateko Mkhabela
O/12 Seuns
Jacob Cloete
Toni Rossouw
Marno vd Westuizen
Tyler Michael
Dirk Coetzee
Die volgende seuns is gekies vir die Gauteng-Noord Finale Sokkerproewe:
O/13 Seuns
Dylan Rodrigues
Tabola Kganane
Grant Grobbelaar
Jarrad Solomons
Jaco Moller
Tristan James

ALGEMEEN

Mev Roberta Charles, die weduwee van ons vorige Hoof, Mnr Mike Charles, is op 23 April oorlede. Ons gebede en gedagtes is met haar kinders en naastebestaandes.
Leanne Moreau (Graad R Leeutjies) se kleinsussie, Jenna, het op 1 Mei 'n operasie ondergaan om 'n breingewas te verwyder. Ons bid vir Jenna en haar familie!

Mag u 'n ontspanne, warm naweek saam met u kinders hê!

WAT VOORLÊ

Vrydag, 7 Mei:
JCT O/13 Sokkertoernooi
Saterdag, 8 Mei:
JCT O/13 Sokkertoernooi
Mini-Hokkie by Rietondale
Maandag, 10 Mei:
"Public Speaking"
Dinsdag, 11 Mei:
Sokker – Uitdaagbeker:
O/14A teen Glenstantia (Weg)
O/13 D teen Sunnyside (Tuis)
O/13 B teen Burger Right (Tuis)
O/11 A teen Paratus (Tuis)
O/10C teen Woodhill (Tuis)
O/10A teen Burger Right (Tuis)
Netball teen Tygervalley (Tuis)- O/9, O/11, O/13
Woensdag, 12 Mei:
Sokker teen WHPS
Opes (Weg)
O/11A, B (Tuis)
O/10 A, B (Tuis)
Netbal: O/9 – O/13 teen Sunnyside (Tuis)
Donderdag, 13 Mei:
Hemelvaart Donderdag Mis
Saterdag, 15 Mei:
Pre-School Open Day 09:00 – 11:00
Mini-Sokker by Hatfield CS om 07:30
Hokkieliga by Rietondale

FIVE IMPORTANT LESSONS TO LEARN FROM A HUMBLE PENCIL

1. **It tells you that everything you do will always leave a mark.**
2. **You can always correct the mistakes you make.**
3. **The important thing in life is what you are on the inside and not on the outside.**
4. **In life you will undergo painful sharpening which will make you better in whatever you do.**
5. **Finally, to be the best that you can be, you must allow yourself to be held and guided by the Hand that holds you.**